YZERFONTEIN WOONWAPARK

Reg van toegang voorbehou. Swartland Munisipaliteit aanvaar geen aanspreeklikheid vir beserings, verliese of skade nie. Alle geriewe binne die park word op eie risiko gebruik.

ONTVANGS URE

Maandag / Woensdag / Donderdag:	08:00 tot 17:00
Dinsdag:	08:00 tot 13:00 en 14:00 tot 17:00
Vrydag:	08:00 tot 20:00
Saterdag / Sondag / Publiekevakansiedag:	09:00 tot 13:00 en 14:00 tot 16:00

Reël asseblief, indien moontlik, voor die tyd as buite kantoorure aankom of vertrek.

HEKSDISK EN SLEUTEL DEPOSITO (KONTANT)

Betaal met aankoms

Hekdisk + sleutels deposito	R120-00
Hekdisk alleen	R120-00
Sleutel alleen	R120-00

Indien enige een of meer van die items nie terug gehandig word nie dan verbeur u die volle deposito van R120-00.

PARKREËLS

1. Aankoms tyd is na 12:00. Vertrek tyd is voor 10:00 en buite seisoen kan met die kantoor gereël word om later te vertrek.
2. Onder geen omstandighede meer as 1 woonwa/boswa/mobielewoning per staanplek toegelaat nie en nie meer as 6 persone en 2 voertuie per staanplek of vakansiehuis toegelaat word nie.
3. Enige items gebreek of verloor sal deur u betaal word en enige strukturele beskadiging sal van u verhaal word.
4. Deposito van R100-00 kontant vir die hekskyf en ablusieblok sleutels is met aankoms betaalbaar en is nie oordraagbaar nie. Reël asb. by die kantoor vir u besoekers – nie meer as 5 persone per besoek nie en voor 22:00 vertrek.
5. Geen **troeteldiere, harde musiek, motorfietse, grondseile, vuurwerke, vuurwapens, kontrakteurs of tuinslange** toegelaat nie en bote op versoek.
6. Stilte na 22:00 en neem altyd die ander kampeerders in ag.
7. Kinders jonger as 10 jaar moet deur hulle ouers na die ablusieblok vergesel wees. Seesand moet buite afgespoel word en die geriewe mag nie langer as 10 minute aaneen beset word nie. Geen duikpakke of “boogie boards” in die ablusieblokke toegelaat nie.
8. Geen (a) In voertuie slaap nie tensy vir kampering ingerig (b) Voertuie/bote in die park was nie.
9. Maak slegs gebruik van vuurmaakplekke om vure te maak en moet nooit ‘n vuur sonder toesig laat nie. Brandblussers buite die Ablusieblokke 1, 2 en 4 beskikbaar. Brandslange is by Ablusieblok 3.
10. Vis mag slegs by die geriewe wat voorsien is skoongemaak word.
11. Bly asseblief van die duine af. Ons poog om plantegroei weer daar te vestig.
12. Moet nie plantegroei of heinings beskadig nie. Alle wild word beskerm.
13. Geen oor mure of heinings klim nie – gebruik ingange voorsien.
14. Speelpark apparaat slegs vir kinders jonger as 14 jaar en geen balspel.
15. Hou by die spoedbeperking van 10 km/h in die park en normale verkeersreëls geld.
16. Verseker u staanplek of huisie is skoon voor vertrek.
17. **Wees bewus van kinders en geen kinders jonger as 18 sonder ouertoesig kampeer! Kinders bly die ouers se verantwoordlikheid en die hoofingang na die woonwapark is nie ‘n speelpark nie!!!**
18. **BEPERK U WATERVERBRUIK TOT DIE MINIMUM**